1998

SAMEKOMS/KOPANO

KRIT
(KLEIN KAROO NASIONALE KUNSTEFEES AMPTELIKE FEESKOERANT)
6 April 1998
Hannelie Booyens

Soos pap en vleis, bobotie en blatjang. Laurika Rauch en Vusi Mahlasela is ‘n eg Suid-Afrikaanse kombinasie wat werk. Gisteraand is die twee sangers op die hande gedra deur ‘n gehoor wat net nie genoeg kon kry nie. Soos die naam aandui, is **Samekoms/ Kopano** ‘n kruisbestuiwing tussen verskillende musiekstyle, maar ook die samekoms van twee uitsonderlike stemme.
Laurika se ryk, donker stem word perfek aangevul deur Vusi se heuningsoet tenoor. Wanneer hulle eers op dreef is, versmelt hulle stemme tot ‘n klank wat sò mooi is dat dit die asem wegslaan.
Wanneer die twee eindig met ‘n opruiende, passievolle vertolking van *Hot Gates*, twyfel ‘n mens nie dat jy die aanhoorder was van ’n grootse musiekgebeurtenis nie – van die beste wat Suid-Afrika kan bied.

PRETORIA NEWS 7 April 1998
Diane de Beer

… and then there was Laurika and Vusi who, just last month, rocked Pretoria with their amazing season in Unisa’s Little Theatre.
This one is a shortened version but already at the *Kaktus op die Vlaktes* concert (which went off without last year’s hitches this time thanks to strict security), the crowd’s reaction to this duo was hot. Their first concert proved the point. She was one of Oudtshoorn’s darlings who had come up with a winning combination as she shared her music and that of another Pretoria son. With Louis Mhlanga (guitar), Peter Lea (piano) and Jahn Beukes (percussion) as the musical backup, this was another match made in heaven.

MAIL & GUARDIAN 20 to 26 March 1998
Janet Smith

In her 20th year as a singer, Rauch is still moved by interpretations of her work. She says hearing Mahlasela lay his voice on her songs has been a revelation. Director Deon Opperman says: “Samekoms/Kopano is an extraordinary union of man and woman and song”. He has given the show style and physical beauty. Mahlasela and Rauch have given it a heart swept off its feet, an emotional rush. The professional infatuation tingles under the lights. They touch.
“They’re like the male and female equivalent of each other,” says Opperman. “Sometimes it’s like you hear one voice singing, then the tone changes.”

RAPPORT 12 April 1998
Barrie Hough

Klanke wat ook deur die versitting van musikale grense gekenmerk is en wat kraakvars aangedoen het, was Laurika Rauch en Vusi Mahlasela se **Samekoms**/ **Kopano**. Hierdie kruisbestuiwing het ‘n mens weer opnuut laat luister na ‘n bekende liedjie soos *Die Gang*, betowerend gesing deur Mahlasela. Ook die geykte *Kinders van die Wind* het nuwe lewe gekry en ‘n mens meegevoer.

SUNDAY INDEPENDENT 19 April 1998
Hans Pienaar

“… the best example of the cult-producing originality that is fast becoming the hallmark of contemporary Afrikaans artists such as Boshoff, Gert Vlok Nel, Koos Kombuis, Nataniël, the rock band Boo!, writers Ryk Hattingh and Harry Kalmer, and even Laurika Rauch, whose collaboration with Vusi Mahlasela was a coup.”

RAPPORT 22 Maart 1989
Paul Boekkooi

Die inhoud van die program wissel van atmosfeerryk tot selfs hoogs emosioneel. Dié indrukke word versterk deur die beduidende aandeel van Laurika en Vusi se drietal instrumentaliste: die pianis en verwerker Peter McLea, die kitaarspel van die fenomenale Louis Mhlanga en die vindingrykheid van die slagwerkspeler Jahn Beukes.
Wanneer die aand met Vusi se liedjie *Tonkana* open, ondervind die luisteraar iets van die verkennende toon van dié program in sy en Mhlanga se kitaarspel. Die ontwaking van ‘n Afrika-klank wat naby aan die natuur is omspoel jou. Wanneer Vusi begin sing, verdwyn die misterie en jy word ingelyf in die rou posslag en
vokale uitdrukkingskrag van ons kontinent.
Laurika, met dié musici tot haar beskikking, se sfeerryke en vertellende interpretasie van liedjies soos *The Flying Dutchman* en *Stille Waters* – albei geskryf deur haar man, Christopher Torr – verkry ‘n ekstra dimensie.

BEELD 25 Maart 1998
Martjie Roos

Rauch en Mahlasela se program is saamgestel uit treffers waarvoor albei uit eie reg bekendheid verwerf het. En soos dit ook op die verhoog weerspieël word, dié liedjies wat hulle die graagste sing.

Daar is vele aspekte van dié unieke produksie wat vermelding verdien, soos die verwerkings. Verrassende Afrika–ritmes en –nuanses verleen nuwe kleur aan treffers soos Koos du Plessis se *Kinders van die Wind* en *Weeping* (oorspronklik deur *Bright Blue* bekend gemaak.)
Dit is moeilik om een liedjie op die program uit te sonder. Soos talle lede van die gehoor tereg opgemerk het: net as jy meen hierdie een is dié hoogtepunt, volg ‘n ander wat jou voete onder jou uitslaan of jou hoendervel gee.

BEELD 6 April 1998
Stephanie Nieuwoudt

Toe Rauch saam met Mahlasela op die verhoog verskyn, het die mense gejuig. Die *Kaktusgangers* was goed vertroud met liedjies soos *Stuur groete aan Mannetjies Roux* en *Hot Gates* en het dikwels luidkeels saamgesing.